Familiejaar

bied 'n unieke geleentheid

Christo Thesnaar en Stéphan van der Watt

Dr Christo Thesnaar, programhoof van Jeugwerk by die Hugenote Kollege in Wellington en Stéphan van der Watt, projekbestuurder by Buvton, gesels hier oor die Familiejaar.

2004 is die internasionale jaar van die familie. Dit is daarom nie toevallig nie dat die regering hulself verbind het tot die viering van die nasionale Familiejaar in Suid-Afrika. Die regering se doel is om meer doeltreffend aandag te gee aan die huidige nood en uitdagings van familiesisteme in ons land. In die lig hiervan het die kerk in die breë haarself ook verbind om in 2004 in samewerking met die regering te fokus op families. Die NG Kerk het dié geleentheid in samewerking met ander kerkgroepe aangegryp deur verskillende projekte te loods om haar verbintenis aan familie-wees te herbevestig.

Buvton in samewerking met die AJK (Algemene Jeugkommissie) van die NG Kerk en die Hugenote Kollege is reeds 'n geruime tyd besig om te fokus op kwessies wat die Christelike familielewe raak. Hierdie werksaamhede sentreer tans rondom die AJK se familiegemeente-projek (parallel aan die familie-fokus-projek) en die familie-navorsingsgroepe wat gereeld in Stellenbosch byeenkom.

Die familiegemeente-projek wat oor drie jaar strek, is reeds die afgelope twee jaar aan die gang in Gauteng en die Wes-en Suid-Kaap. Die projek se kapasiteit word gebou deur 22 deelnemende gemeentes wat by mekaar leer hoe om familie as 'n perspektief op hul totale bediening en funksionering toe te pas.



Die mees onlangse uitset van 'n byeenkoms van 'n familie-navorsingsgroep is 'n versameling van inligtingstukke en wenke wat gemeenteleiers kan help om in 2004 gemeentes al meer familie-vriendelik te maak. Dit is in Maart in die vorm van 'n boek met die naam *Familiefokus: familie-aktiwiteite en erediens-wenke* uitgegee en is aan alle gemeentepredi-kante van die NG Kerk gestuur.

Familiefokus verwys deurgaans met 'n baie spesifieke doel na die familie of familielewe. Dit impliseer dat daar 'n meer inklusiewe taal vir familielewe ontwikkel word wat 'n verskeidenheid familiesoorte en -strukture insluit. In Afrikaans dui die term "gesin" gewoonlik op die kerngesin wat met bloedverwantskap gevorm word. Statistieke toon aan dat die ryke verskeidenheid van familievorme wat vandag in ons samelewing voorkom, dikwels nie meer aan hierdie beskrywing voldoen nie. Die term *familie* is dus veel meer inklusief. So

akkommodeer dit die huidige realiteit van 'n verskeidenheid familiestrukture en -vorme wat in ons kerke en land voorkom.

> Die bedoeling van dié publikasie is dat predikante en gemeenteleiers die geleentheid moet aangryp om die kerk bewus te maak van die belangrikheid van families. Om hierdie rede word daar verwys na die funksionering van families in die Bybel en die implikasie daarvan vir ons lewe van vandag. Daar word duidelik vanuit die Skrif aangetoon dat families nie net beperk is tot die ondersteuning en begeleiding van die kerngesin nie, maar veral om hulle verantwoordelikheid teenoor die breër sosiale gemeenskap na te kom. Die kerk kan daarom nie slegs na binne gerig wees op die instandhouding van die lewe van die kerngesin nie, maar moet werklik die groter uitdaging van die breër familie van God verstaan en geleenthede skep vir wyer betrokkenheid.Om hierdie rede word daar verder verwys na die nuutste statistieke oor die stand van families in Suid-Afrika en die unieke uitdagings wat dit byvoorbeeld tans in terme van die MIV/Vigs pandemie stel. Dit bied dus aan die kerk konstruktiewe geleenthede om haar roeping as familie van God uit te leef.

Familiefokus bied verder riglyne en voorstelle van 'n verskeidenheid familietekste wat gebruik kan word tydens eredienste, kleingroepgeleenthede en spesiale familiefokus-aktiwiteite. Die voorstelle is op so 'n wyse saamgestel dat dit ruimte maak vir verskillende generasies binne en buite die kerk.

> Die fokus op die familie beklemtoon natuurlik ook die viering van verskillende dae of weke in die jaar wat ten nouste saamhang met familie-wees, soos Jeugdag, Kinderbeskermingsweek, Vrouedag en Erfenisdag. Verskeie voorstelle word dan aan die hand van die spesifieke dae of weke gegee wat kreatief tydens gemeentelike aktiwiteite aangewend kan word. Daar word ten slotte verskeie hulpmiddels, programme en riglyne gegee wat gemeentes kan help met die aanbied van die familietema, asook om die belangrikheid van families vir die lidmate van die kerk te onderstreep.

Die feit dat 2004 internasionale Familiejaar is, asook dat die regering ten volle verbind is aan die Familiejaar en die kerk 'n aktiewe program geloods het om haar ondersteuning en verbintenis hieraan te wy, impliseer nog steeds nie dat die geleentheid in alle gemeentes benut gaan word nie. Die unieke uitdaging vir vanjaar is dat gemeentes op grondvlak hulleself daartoe verbind om ware familie van God te wees. Gemeentes behoort hiermee saam die geleenthede te benut om alle generasies te betrek om sodoende familie-wees te vier en hulle verantwoordelikheid na te kom in die breër gemeenskap van Suid-Afrika.

Die Familiejaar bied 'n unieke geleentheid om 'n konkrete bydrae te lewer tot die nood van families in Suid-Afrika en om waarlik advokaat te wees vir familiesake. Benut dit ten volle!

DIE FAMILIEFOKUS BOEK IS BY **BUVTON**
TEEN **R30** PLUS POSGELD BESKIKBAAR.
BESTEL BY ***Divine Robertson*** BY **(021) 808 3381** OF **dr@sun.ac.za.**